VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	26/08	**Ettie du Plessis (84),** Wyk 9
	29/08	**Marlise Stoop,**. Wyk 7
		Johané Reynecke, Wyk 2
Sa	30/08	**Susan Coetzer,** Wyk 2

Bede met meelewing: Psalm 20: 4.

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: Gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, minute noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 27 Sondag 25 Augustus 2024
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese:
Ouderlinge: Wyk 1 **Chris van Ryssen** en Wyk 2 **Klaas Wyma.**
Diakens: Wyk 1 **Vakant** en Wyk 2 **Frans Drijfhout.**

EREDIENSTE

Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Vanaf Sondag 1 September sal die aanddiens weer om 18:00 'n aanvang neem.

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND (Nagmaal)
Woordbediening: Johannes 6:1-15; Matteus 4:1-11(AFR'20)
Fokusverse: Johannes 6:1-15.
TEMA: *"Kom, en eet want die ewige Koning gee versadiging – soveel as wat jy wil hê!"*
Sing: Psalm 132: 5, 9, 10; Psalm 136: 1, 2, 19, 20; Psalm 37:15, 16, 17, 18; Psalm 145:9, 10; Psalm 116; Psalm 147:1, 5.
Bede met meelewing: Psalm 20:4.

MIDDAG: Erediens om 17:00 Danksegging, Nabetragting
Woordbediening: Johannes 6:1-15. **Fokusverse:** Johannes 6: 9.
TEMA: *"Die ewige Koning seën elke armmansoffer tot sy eer – moenie huiwer om dit te bring nie!"*
Sing: Psalm 26: 4, 5; Psalm 107: 1, 2, 4, 10; Psalm 96: 4, 5; Psalm 4: 3, 4.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die ***Bybelververspreiding***
Vanmiddag: ***Diens van Barmhartigheid*** ***(BLOU)***en ***Kerkkas*** ***(ROOI)***
(Volgende week se spesiale kollekte is vir ***Emeritaatsversorging*****)**

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Kobus Havenga het Woensdag in Medikliniek 'n lang prosedure ondergaan en ons is saam met hom en Marietjie dankbaar dat die dokter met die operasie tevrede was. Ons bid Kobus ryke seën met die herstelpad wat voorlê, toe.

Wymie du Plessis het Donderdag diagnostiese prosedures in Medicross se dagteater ondergaan. Dit is ons bede dat die chirurg met sy bevindinge en die uitslag van die biopsie die regte behandeling sal voorskryf en dat Wymie daardeur beterskap en lewenskwaliteit mag ontvang.

Hannes Coetzer het die afgelope week 'n dokters-afspraak gehad, maar beplan om in die afsienbare toekoms 'n tweede opinie in te win oor die moontlike behandeling van die rugwerwel wat gekraak en geskuif het. Ons verseker hom en Susan van ons voorbidding vir hulle.

Ons volhard in ons voorbidding vir **Magda Pelser-Van der Merwe** wie se gesondheid en sig nog onder geweldige druk verkeer. Magda sou Vrydag 'n besoek aan die gastro-enteroloog bring en moet vroeg in September weer die oftalmoloog spreek. Mag ons hemelse Vader u, Theo en Ina ryke genade skenk.

Sarie Spaumer het Vrydag 'n doktersafspraak in Johannesburg gehad.

Ons dank ons hemelse Vader dat **Emmerentia Stoop** Woensdag uit Mediclinic ontslaan kon word. Sy is terug by Huis Anna Viljoen en ons verseker haar en haar dierbares van ons voorbidding.

Charles Reinecke word Maandag in Klerksdorp opgeneem om 'n pasaangeëer te ontvang. Ons verseker hom en Elsa steeds van ons voorbidding dat die prosedure geseënd sal verloop.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

Welkom terug aan **Loffie** en **Tillie Eloff** wat vandag via Nederland vanaf Kanada terugkeer nadat hulle by hulle kinders daar gaan kuier het.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het na siekte en beproewing

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
Di	27/08	15:00	Bybelstudie- Huis Eikelaan	**Rooi sitkamer**
Wo	28/08	15:00	Vergadering Nagmaalkommissie	**Huis Eikelaan** **Rooi sitkamer**
		18:00	Bybelstudie-Matteus, Studie 3	**Konsistorie**

KATKISASIE	Sondag 1 September	Sondag 8 September
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 20 Skrifberyming 1-2: 2b Sondag 46 Eksodus 20: 9	Les 21 Skrifberyming 1-2: 2 Sondag 47 Eksodus 20: 10
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 5 & 6: Wyk 3 Graad 3 & 4: Wyk 4	Graad 1 & 2: Wyk 5 Graad 3 & 4: Wyk 6
Hoërskoolkatkisasie	Les 14	Les 15

LOSMAKING

Die vergadering van die kerkraad met diakens het Sondagaand goedgekeur dat **Kobus Havenga** (wyk 3) en **Charles Reinecke** (wyk 8) om gesondheidsredes eervol losgemaak word van hulle dienswerk as ouderlinge. Ons dank die Here vir die besondere wyse waarop die broers hulle dienswerk verrig het, en bid hulle spoedige genesing en beterskap toe.

APPROBASIE

Die name van **André Vorster** en **Danie Erasmus** word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die diens van ouderling. Ons verseker ons broers van ons voorbidding vir hulle in die oorweging van hierdie roeping

BEVESTIGING AS DIAKEN

Nadat sy naam reeds genoegsaam afgekondig is in die gemeente sal Gernot Schaaf DV Sondag 8 September in die diens van diaken bevestig word. Ons dank die Here vir die gawes wat Hy aan Gernot gegee het, en bid Gernot ryke seën in sy dienswerk toe!

SORG MET EER

Ds. Cassie Aucamp
Projekbestuurder.
anberg@absamail.co.za
082 377 1112

10 Julie 2024

OPROEP TOT ONS LIDMATE

Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Geliefde brs. en srs.,

AGTERGROND

Die *Sorg met Eer* projek (SME) is aan u goed bekend. Dis die projek waarmee ons wil sorg dat ons emeriti en hulle afhanklikes met eer versorg word, soos wat die Kerkorde vra en ons as kerke gesamentlik onderneem het in die Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK).

Die noodsaak van die projek is dat ons die ramings vir die Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK), wat slegs vir 75% van die ooreengekome versorging kon sorg, met 25% moet aanvul, sodat die versorging van ons emeriti nie oneervol met daardie 25% verminder word nie. Die hart van die projek is dat, anders as met ramings, wat grootliks *"one size fits all"* is, lidmate en kerke na vermoë kan bydra om hierdie ereplig steeds eervol te kan nakom.

Sorg met Eer het reeds goeie resultate opgelewer, deur spesifieke bydraes, maar ook omdat heelwat van die agterstallige ramings mede deur die bewusmaking van die SME inbetaal is. Waar ons in 2022 beraam het dat ons R11,5m per jaar vir 8 tot 10 jaar sal moet insamel, is die berekeninge tans dat ons met R6,5m per jaar vir 5 jaar die saak kan afdek. Ons is dus besig om 'n wenperd te ry, met groot dank aan ons Here. SME was die regte ding om te doen

OPROEP

Ons is nou op die stadium van die projek waarin ons weer 'n oproep tot ons kerke en ook ons lidmate kan doen.

Eers wat die kerke betref: Kan u kerkraad dit oorweeg om (weer) 'n eenmalige bedrag aan *Sorg met Eer* oor te betaal? Vir die doel heg ons **Antwoordvorm 1** aan. U kan ook 'n spesiale projek in die gemeente vir die doel loods. Ek kan u ook behulpsaam wees met bv. kunstenaars vir 'n musiekkonsert.

Dan wat ons lidmate betref: Ons groot uitdaging is om by ons lidmate uit te kom vir moontlike bydraes. In die verband is daar drie opsies:

1. Daar is van die lidmate wat uitermate deur die Here geseënd is, en dalk 'n ruim eenmalige bydrae wil maak. Ek sal dit baie waardeer indien u, met die betrokke ligmate se goedkeuring, hul kontakbesonderehede aan my kan verskaf, sodat ek hulle persoonlik hieroor kan nader. Ek beloof om dit met groot diskresie te doen. (**Antwoordvorm 2**)
2. Daar is lidmate wat dalk 'n jaarlikse of maandelikse bydrae wil maak. Ons sal dit hoog op prys stel indien u in dié verband 'n oproep tot lidmate sal maak, en **Antwoordvorm 3** aan hulle beskikbaar stel.
3. Daar is ook lidmate wat gewoon 'n eenmalige bydrae wil maak. Kan u die versoek ook tot u lidmate rig, en **Antwoordvorm 4** aan lidmate beskikbaar stel.

Dit sal baie goed wees indien u hierdie skrywe deur u elektroniese media of u gemeenteblad aan **lidmate beskikbaar sal stel.** Ek het ook 'n tydjie gelede 'n kort video aan al ons kerke uitgestuur. Dit sal baie help as u die videotjie na 'n erediens aan die lidmate kan vertoon, met die antwoordvormpies wat dan beskikbaar gestel word.

Ek is ook beskikbaar om **u kerkraad, 'n kommissie van die kerkraad of u gemeente te besoek** en oor die hele projek in te lig. Dalk is 'n gesprek met 'n kommissie die maklikste, omdat dit in die week kan geskied en ek dan verskillende nabygeleë gemeentes in 'n betrokke gebied kan besoek. Laat weet my asseblief in die verband. Dit sal ook baie goed wees as u 'n **skakelpersoon** kan aanwys deur wie ek verder kan skakel en die moontlike opsies kan bespreek. Stuur gerus sy/haar besonderhede per e-pos of selfs per Whatsapp aan my.

U kan al die antwoordvormpies wat van toepassing is aan Wymie stuur by wymiedup@gksa.co.za Die een met name wat ek kan kontak moet u asseblief aan my stuur.

Ek dank u vir die positiewe gsindheid wat ons reeds ervaar, en by voorbaat vir u positiewe reaksie op hierdie skrywe.

Met groot dank, *Ds Cassie Aucamp*.

Antwoordvorm 2

Lidmate persoonlike opvolg

SORG MET EER

Geref. Kerk.....

1. Br/sr.....Tel .....
2. Br/sr.....Tel .....
3. Br/sr .....Tel .....
4. Br/sr .....Tel .....

Stuur aan Cassie by anberg@absamail.co.za

Antwoordvorm 3

GEREELDE BELOFTE SORG MET EER

Naam: .....

Gemeente: .....

Bedrag: .....

Frekwensie: elke .....

Termyn: ..... Jaar

Stuur aan: wymiedup@gksa.co.za

Antwoordvorm 4

EENMALIGE BYDRAE SORG MET EER

Begunstigde: Geref EmeritaatsversorgTrust

Bank: ABSA

Rek nr. 670288412

Bedrag: R .....

Verwysing: SME. Jou naam. Gemeente

Bewys aan: wymiedup@gksa.co.za

BYBELSTUDIE – HUIS EIKELAAN

Bybelstudie Dinsdag om 15:00 by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal is welkom. TEMA: *Die leer oor die Heilige Gees.*

UITNODIGING

U word hiermee hartlik uitgenooi na die Gemeente-ete vanoggend om 12:00. Daar gaan lekker lasagne bedien word met slaaie en broodrolletjies EN 'n heerlike nagereg. Geen koste per persoon, maar donasies is BAIE WELKOM.

GEAGTE BROEDERS EN SUSTERS.

Ek sal graag weer tweedehandse of nuwe klere wat in u kaste in onbruik geraak het ontvang wat ek op my beurt kan uitdeel aan persone wat daarby baat sal vind.
Ek gee dit ook vir instansies waar die klerenood groot is.
Waar ek tans woonagtig is, is ek nie so maklik bereikbaar nie dus sal ek baie bly wees as u die klere by **Pieter Bouwsema** of **Malie Wyma** by die kerkkantoor sal afgee. Ek wil ook vra dat die klere skoon en heel sal wees. By voorbaat dankie *Ina Steyn*

Die Hamburgerbraai is geskuif van 23 Augustus na 30 Augustus 2024

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU VRYDAGAAND 30 AUGUSTUS 2024

Ons kuier gesellig saam vanaf **16:30** by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 30 per hamburger. Pannekoek R 5 Worsbroodjies R 30